

**30 Januarie**

**Skrifgedeelte: 2 Johannes  
Fokusgedeelte: 2 Johannes vs 7**

### **Ons getuig deur wat ons is en wat ons doen**

Dat hierdie aarde in die grootse skeppingswerk van die heelal, God se wêreld is, kom vir ons die duidelikste na vore daar waar ons plaaslike gemeentes vergader. Die grootste gevaar vir God se wêreld, so pragtig beskryf as die uitverkore vrou en haar kinders, is egter dat daar misleiers op die toneel verskyn. Hulle kom in hierdie wêreld wat aan God toegewy is en hulle sê: Julle leef in 'n gekkeparadys! Hulle sê: Daardie Jesus wat julle liefhet en aanbid, is nié die Christus nie! Buitendien: Hy hét ook nie 'n mens geword nie! Julle leef 'n sprokie na!

Die Heilige Gees waarsku ons hieroor. Johannes noem hierdie soort misleier “die antichris”. 'n Voorloper van dié Antichris van die laaste dae wat sal voorgee dat hy God is. Wat hierdie voorloper-misleiers sê, is téén die Christus ... téén God se Gesalfde ... téén ons hoogste Profeet en enigste Hoëpriester en ewige Koning. So verwerp hulle God self en ontken hulle die Vader (vs 9), sodat daar niks meer oorbly van die hart en siel van Christus se gemeente nie.

Ons weet hoe bring hierdie misleiers vandag nog hierdie stokou leuen in 'n nuwe gedaante in God se wêreld in (verhale oor die buite-egtelike kind van Nasaret; televisieprogramme van sieners wat “aan die ander kant” kan sien; die teologie van die Nuwe Hervorming). Alles kwansuis wetenskaplik nagevors. Om die gemeente vandag nog te kwel met vrae oor haar hart en siel. Hoe moet “gewone” ou kindertjies in die geloof, nou sulke “geleerdheid en wysheid” antwoord?

Die Heilige Gees wys ons hier op óns getuienis, naamlik ons lewe in ooreenstemming met die waarheid (vs 4) wat vashou aan die leer van Christus (vs 9)! Die getuienis van 'n verlose lewe wat leef uit wat God gesê en openbaar het!

*Sing: Psalm 2:1, 6 (1936)*

*Ds. JH Cilliers (Reitz)*